higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1160**(A)**(J19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

HANDELSREG N4

(13030094)

19 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

GS

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND en moet deur ALLE kandidate beantwoord word.

2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: VERPLIGTEND

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die volgende terme:

1.1.1 Sessie

1.1.2 Stilswyende meerderjarigheid/emansipasie

1.1.3 Publiekreg

1.1.4 Regshulp ‘pro Deo’

1.1.5 Dwaling

1.1.6 Onbehoorlike beïnvloeding

1.1.7 Samesmelting

1.1.8 Koopkontrak

1.1.9 Ontbindende voorwaarde

1.1.10 Ongeldige/nietige ooreenkoms

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Toondertjeks is die tjeks wat die houer aanspraak gee op die betaling van ’n som geld wat oordraagbaar is deur lewering en aan die draer betaalbaar is.

1.2.2 Die waarborg teen latente gebreke is ’n incidentalium van ’n verkoopskontrak.

1.2.3 Sessie beteken dat die huurder slegs sy/haar regte aan die derde persoon oordra, maar nie die verpligtinge nie.

1.2.4 *Lustus error* beteken weiering van ’n party om te presteer.

1.2.5 ’n Onafhanklike kontrakteur doen ’n bepaalde stuk werk en moet sy/haar eie middele verskaf om die werk te verrig.

1.2.6 Die trekker is die persoon wat aan sy/haar bankier die opdrag gee om ’n som geld uit sy/haar bankrekening te betaal.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Die versendingsteorie bepaal dat ’n kontrak per pos gesluit word op die tyd en plek waar die aanbodontvanger die aanbod ontvang.

1.2.8 ’n Stilswyende waarborg kan probleme veroorsaak omdat dit nie spesifiek aan die koper genoem word nie, hoewel dit ’n ernstige of wesenlike deel van die ooreenkoms is.

1.2.9 Kraamverlof is altyd betaalde verlof.

1.2.10 *Stare decisis* beteken om ’n vorige beslissing na te volg.

(10 × 2) (20)

1.3 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by ’n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	*Actio redhibitoria*	A	verkoper verkoop artikel met kennis van latente gebreke
1.3.2	Endossemente op tjek	B	koper het die reg om kansellasie van die kontrak te eis en op terugbetaling van die koopprys aan te dring
1.3.3	Oordrag/oormaking		
1.3.4	Verlof		
1.3.5	Latente gebrek	C	die werknemer is daarop geregtig ná voltooiing van die tersaaklike dienstydperk
		D	die nemer/ontvanger of begunstigde teken sy/haar naam agterop die tjek
		E	die huurder gee sy/haar regte en verpligtinge aan ’n derde persoon op

(5 × 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae.

HUISDEFEKTE EN ONBETROUBARE VERKOPERS

06 Junie 2012

Suid-Afrikaanse huiskopers word aangeraai om 'n huisinspeksie te doen voordat hulle die verkoopsooreenkoms vir die eiendom onderteken, aldus Eric Bell van Inspect-A-Home.

Bell sê volgens ervaring maak verkopers nie alle defekte openbaar nie; dit is daarom baie beter vir die koper om die inspeksie te laat doen voor enige verkoopsooreenkoms gesluit word, ten einde 'n billike assessering van die eiendom te doen om enige duur vergissings te vermy. Die meeste huise wat geïnspekteer word, het wel defekte wat duur is om reg te maak; in so 'n geval is 'n verlaging in die koopprys bloot billik.

Property24 het onlangs 'n artikel gepubliseer oor waarom dit belangrik is om 'n eiendomsinspekteur te huur.

In die artikel verduidelik Bell hoe 'n paartjie uiteindelik R150 000 bo en behalwe die koopprys van hul nuwe huis betaal het. Wat hulle nie besef het toe hulle die verkoopsooreenkoms onderteken het nie, was dat hulle die dakplate, verrotte deurrame en 'n lekkende geiser sou moes vervang voordat hulle kon intrek. Hulle het 'n openbaarmakingsdokument onderteken wat verklaar het dat die huis in goeie werkende toestand was. Derhalwe kon hulle nie na die verkoper of eiendomsagent teruggaan met hul klagtes of rekeninge nie, het Bell gesê.

[Bron: http://www.property24.com/Home defects and dodgy seller published 06 June 2012] (vry vertaal)

2.1 Noem die vereistes waaraan kontrakte oor die algemeen moet voldoen. (5 × 2) (10)

2.2 Bespreek kortliks die *actio redhibitoria*. (7 × 2) (14)

2.3 Noem VIER omstandighede waarkragtens die verkoper nie vir latente gebreke aanspreeklik sal wees nie. (4 × 2) (8)

2.4 Noem DRIE soorte wanvoorstelling. (3 × 2) (6)

2.5 Verduidelik en gee EEN voorbeeld van elke soort wanvoorstelling. (4 × 3) (12)
[50]

VRAAG 3

Nasionale reg is die reg van die staat; dit bestaan uit 'n versameling reëls wat ten doel het om die gedrag van mense te reguleer ten einde vrede en orde te handhaaf. Die polisie en hofstelsel dwing hierdie reëls af.

3.1	Noem die onderafdelings van publiekreg.	(4 × 2)	(8)
3.2	Noem SES bronne van Suid-Afrikaanse reg.	(6 × 2)	(12)
3.3	Bespreek die pligte van die verhuurder om die eiendom in stand te hou.	(10 × 2)	(20)
3.4	Noem VYF pligte van die werkgewer.	(5 × 2)	(10)
			[50]

VRAAG 4

4.1	Noem redes waarom tjeks gekruis word.	(3 × 2)	(6)
4.2	Noem die regsbeginsel wat die huurder daarteen beskerm om die perseel onder dwang te verlaat.	(10 × 2)	(20)
4.3	Noem VIER verpligtinge van die werknemer om te goeder trou te handel.	(5 × 2)	(10)
4.4	Noem VIER aspekte wat by die sluiting van 'n vervoerkontrak oorweeg moet word.		(4)
4.5	Verduidelik die ekstrinsieke-getuienisreël/integrasiereël.	(5 × 2)	(10)
			[50]

VRAAG 5

5.1	Noem TIEN maniere waarop waarborge en verbande beëindig kan word.		(10)
5.2	Noem die onderafdelings van privaatreg.	(5 × 2)	(10)
5.3	Verduidelik die onderafdelings wat jy in VRAAG 5.3 genoem het, en verstrek voorbeelde.	(10 × 2)	(20)
5.4	Noem VYF beginsels van versekering.	(5 × 2)	(10)
			[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou